ROMEINE 6: DIE "OU" MENS!!

Romeine 6 het met KENNIS te doen, om te WEET wat om met die OU mens te doen.
Nie menslike intellektuele kennis nie, maar openbarings kennis – kennis van God, en kennis van WIE ONS IS !!

4 DINGE WAT ONS MOET WEET EN GAAN LEER IN ROM 6

- **Rom 6:3** ...almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie
- **Rom 6:6** ... ons oue mens saam gekruisig is
- **Rom 6:9** ... Die dood heers oor Hom nie meer nie.
- **Rom 6:16** ... aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie

- Waar werk God in my lewe? ..... in ons GEDAGTES – ONS SIEL !!
- Die Heilige Gees WERK in ons lewe op 4 maniere:- Kennis, Wysheid, Openbaring, Insig (*understanding*)
- Christus IS ons LEWE

DIE EERSTE DING WAT ONS MOET "WEET"-

Rom 6:1 *Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?*
Rom 6:2 *Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?*
Rom 6:3 *Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop **is**, in sy dood gedoop **is** nie*?

- ***KJV:** "... us as **were** baptized into Jesus Christ **were** baptized into his death?"*
- *"in sy dood gedoop **is**" m.a.w.* "In Sy dood opgeneem is..." – afgehandelde werk!!
- **1 Kor 1:30** *Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.*
- Ons is in Sy dood opgeneem. Wanneer God met ons deel, dan deel hy met ons DEUR JESUS, want ons is IN SY DOOD OPGENEEM.
  - Ons het laasweek geleer dat ons deur Jesus se DOOD, verlos en verenig is met God.
  - Jesus BIND ons weer aan God.
- Alles wat ons voor God is, is IN Jesus.
- So as sondaar is daar EENHEID met Satan !! daarom het Jesus vir die Fariseers gesê dat hulle die Duiwel AS VADER het. Na wedergeboorte – ons geloof in Jesus – kom daar EENHEID MET GOD

Rom 6:4 *Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.*
Rom 6:5 *Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;*

- Jesus het nie gesê, "...*Ek gee vir julle die Opstandings Krag*..." nie.
  - Jesus sê in **Joh 11:25** "*Ek **is** die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe*"
- Omdat ons gedoop is in Sy dood – is ons OU MENS dood vir God die Vader – gesterf saammet Christus.
- ... en die lewe wat ek nou leef is veronderstel om Christus te wees wat deur my leef.
  - So as ek dan nie so leef nie – beteken dat dat ek nie regtig dood is in Christus nie? NEE – in my gees is ek – dis my gedagtes, my siel wat vernuwe moet word. Ek moet dit ook WEET en dan daarin groei.

DIE TWEEDE DING WAT ONS MOET "WEET"-

Rom 6:6 *aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.*

Rom 6:7 *Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.*

- Die OU MENS is gekruisig met Christus – en die ou sondige mens moet nie verder leef nie !!
- So WIE is hierdie OU MENS – dis die OU manier wat ons geleef het, die OU verstand/gedagtes wat geleef het sonder Christus.
  - **Ef 4:22-23** *dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed* (KJV: "Mind")
  - **Kol 3:9-10** *Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper*
    - So die OU mens en die NUWE mens het te doen met WAT ONS MOET DOEN – ons besluite/keuses.
    - ...dit waarmee ons ons gedagtes vul, waarop ons ons gedagtes vestig ens..
    - Hierdie deel is NIE WERK wat Jesus afgehandel het NIE – Ja God gee ons die H/Gees, rus ons toe met wysheid en kennis en krag ens..; maar die AFLê van die oue mens en die OPNEEM van die nuwe mens – is ons keuse en ons besluite op 'n konstante basis !!
- Maar hierdie OUE MENS is slegs in ons siel dimensie, ons gedagtes, - 'n manier van lewe en doen.
- Paulus stel dit AS 'n OPDRAG. Dis nie 'n afgehandelde werk nie, dis vir ons om te doen !!
- Hierdie verkeerde gedrag maak ons nie "verlore" nie, dit verander nie ons GEREGTIGHEID voor God nie. Ons is geregverdig DEUR JESUS SE WERK, nie ons s'n nie
  - Sondaars sal soms goeie dinge doen, dit verander nie hulle verlorenheid nie
  - Wedergeborenes sal soms verkeerde dinge doen, dit verander nie hulle redding nie.

Rom 6:8 *As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,*

- Dat ons nie net eendag in die hemel saammet Hom sal leef nie – maar nou reeds.
- Met die "In Christus" as agtergrond, kan ons nou verstaan dat ons NOU in hierdie liggaam saam met Christus leef, Nie VIR Hom leef nie – SAAM MET Hom leef.
- Christus moet deur ons individuele en unieke karakter en persoonlikheid leef, ons moet uitdrukking gee aan Christus binne ons eie uniekheid. Ons moet NIE verander en iemand anders word nie, ons moet eerdeer die sonde dood maak, verander word na die beeld (uiterlike...) van die hemelse.

DIE DERDE DING WAT ONS MOET "WEET"-

Rom 6:9 *omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie.*

- Let op dat hier niks genoem word wat met ONS gebeur het nie, dis Jesus se werke. Die dood van Jesus is ons redding en geregtigheid.
- God deel met ons, op grond van die feit dat Jesus gesterf het en die dood oorwin het – Hy IS die opstanding en die lewe !!
- God verwag nooit van ons om iets te doen "reg te maak" vir enige van ons sonde nie.

Rom 6:10 *Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.*

- die sonde is in die verlede, God is nou Sy lewe. Jesus het nie 'n voordurende stryd om sonde te oorwin nie – dis eenmaal gedoen, en daarna het God Sy LEWE geword.
- **2 Kor 1:10** wat ons verlos **het** uit so 'n groot doodsgevaar en **nog** verlos; op wie ons hoop dat Hy ook nog **sal** verlos,
  - Hierdie vers verwys na ons 3-ledige mens wees:- gees, siel, liggaam
  - Die gees is volmaak gered deurdat Jesus die sonde se heerskappy oor ons vernietig het
  - Die siel word gered (as n prosses) deurdat ons moet leef vir Christus.
  - Ons liggaam se verlossing is nie ons werk nie – maar weer God se werk.
  - Ons werk, is in die siel.

Rom 6:11 *So moet julle ook **reken** dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.*

- "**Reken**" dis 'n oortuiging (a mindset).
  - Moenie reageer op gevoelens nie – want ons weet dat sondige dinge is lekker, die vlees geniet dit
  - REKEN... – kry die "mindset" dat jy van die sonde moet wegbly
  - Wanneer ons sê: "wel, jy kan my nie oordeel nie, God ken my, Hy ken my hart..." met verwysing na ons sonde, dan sê ons dat ons sonde vir God aanvaarbaar is en ek REKEN myself nie as DOOD vir sonde EN LEWEND vir God nie !!
- God gaan dit nie uit ons lewe haal met 'n wonderwerk nie, dit gaan nie vanself weggaan nie, doping in die H/Gees gaan dit NIE uit jou lewe verwyder nie – REKEN jouself dood.....
  - Dis my en jou keuse, en ons regaeer op ons keuses – dis ONS taak.
- Die AANVAL van die vyand is in ons SIEL, ons gedagtes, en dis waar osn ook onsself moet REKEN om dood te wees vir die vyand se versoekinge.
- Ons sal steeds begeertes in ons vlees hê vir sonde – wanneer ons dit ervaar koet ons NIE reken dat ons ongered is, of daar iets verkeerd is met ons nie – maar ons moet ons REKEN om dood te wees – die begeertes is daar – moenie daarop reageer!!

DIE VIERDE DING WAT ONS MOET "WEET"-

Rom 6:12-15 *Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!*

Rom 6:16 ***Weet julle nie dat*** *aan **wie** julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?*

- Let wel – paulus sê: "... aan WIE..." – nie WAT nie.
- **Joh 8:44** *Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.*
  - In die mens se sondige lewe, is die duiwel jou vader !!
- So sonde word hier vereenselwig met 'n persoon, en geregtigheid word vereenselwig met 'n persoon.
- In Rom 6 praat Paulus hier NIE van die sondaar in sy verlorenheid nie – hy praat van die wedergeborene wat steeds sonde leeg.
- **Rom 7:17** *Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.*
  - In ons sonde natuur (as verlorenes) was die duiwel ons vader en het ons die begeerlikhede van ons vader gehad en die werke van hom ook gedoen.
  - NA wedergeboorte leef ons nog met dieselfde liggaam en siel.
- Ons gees is UIT GOD gebore, ook ons liggame is geskape. Maar ons siel is nie geskape of gebore nie !! ons siel kom tot stand deur ons kennis van die kwaad en deur ons vader (die duiwel) te dien.
- Ons siel word nie wedergebore nie – net ons gees.
- So die wedergeborene leef nou in 'n "ou huis" (ons liggaam). Die nuwe mens, die gees gebore mens, leef nou in 'n liggaam en siel wat gewoont is om die duiwel as vader te dien, maar nou is dit die gees van die wedergeborene wat GOD as vader het.
- **Heb 4:12** *Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.*
  - Die siel en gees MOET van mekaar geskei word !! die 2 is in mekaar gemeng, en die Woord skei dit – soos ons groei in hierdie kennis !!
- *..... aan **wie** julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees.....*
  - Die kennis wat ons vul en dryf – bepaal wie ons dien
    - As ons ons gedagtes met die wêreld vul – sal die wet van sonde intree en ons al hoe meer in die vlees en die wêreld intrek, weg van God af.

- As ons egter ons omring met gees vervulde mense, met die woord van God, met die dinge van die Gees ens. – dan vernuwe ons denke meer en meer na God toe, weg van die wêreld af.
- Wanneer ons WEET dat Christus in my leef en dat Christus meer in my wil word en my lewe is, dan kan ek die sonde begeerte en die wêreld IN MY LIGGAAM en SIEL oorwin !!
- My gedagtes MOET DIE GEDAGTES VAN CHRISTUS WORD.
- In baie Christene leef Christus – sonder 'n verstand. Hy het ons vernuwe gedagtes nodig waardeur Hy wil leef in ons.

Die groot vraag vir ons almal is – AS DIE OU MENS GEKRUISIG IS, HOE RAAK EK ONTSLAE VAN HOM?

- Dis meer belangrik WIE jy is VIR God *(verhouding)* – as dit wat jy wil DOEN vir Hom *(wet van werke)*
- Fil 3:3-7. Paulus het nie op sy vlees, agtergrond, suksesse, familie agtergrond, opleiding of enigiets vertrou nie, want hy het geweet dat dit MISLEIDEND is.
- Ons moet besef wie God sê ons is in Sy Woord
- Ons moet Christus in ons ontdek – deur die werk van die H/Gees om Christus aan ons te openbaar
- Deur bewus te wees van die feit dat Christus leef in jou, ons kannie met ons lewens maak soos ons wil nie
- Wanneer ons sondig, belei dit, ons moet berou hê en daarvan wegdraai en weet ons is vergewe, nie in self veroordeling vas gevang word nie
- Ons moet nie van die kerk en die pastoor ens verwag om ons by God en Christus uit te bring nie – NEE, hulle het slegs 'n rol om te vervul – ONS MOET GOD SOEK.
- **Filipense 3:10** "*...sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,*"
- Ons moet Christus as persoon leer ken – nie net die uiterlike werke van die H/Gees, die ervaringe en die dinge wat Hy uit liefde VIR ons doen nie – maar die PERSOON.
- ONS MOET AANHOU – Ongeag wat die lewe na ons kant toe gooi – ons moet geditermineerd bly om meer van Christus te leer en soos Hy te word.
- Godsdiens leer ons te veel om op die VRUGTE van ons lewe te fokus, en as ons vrugte nie goed lyk nie, werk ons harder om dit reg te kry – dis nuttelloos. Ons moet weet dat vrugte is " 'n Gevolg van...."
  - Dus... verplaas jou fokus na Christus in jou, die BRON wat die regte vrugte sal voortbring
- WANNEER ONS VAN GODSDIENS NA VERHOUDING BEWEEG – UIT BEGEERTE OM GOD TE KEN – DAN BEGIN ONS VERANDER VAN BINNE NA BUITE.

DAAR IS 7 GEBEDE WAT PAULUS BID IN SY BRIEWE – ALMAL IS BEDE VIR DIE CHRISTENE SE SIEL (Wil/Denke/Gedagtes)

- **Ef 3:13** *Daarom bid ek dat ...*
  - **Ef 3:17-19** *sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te **begryp** wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te **ken** wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.*
- As Jesus nie ons gedagtes oorneem (deur ons keuses en kennis – ons laat dit gebeur) nie, dan leef ons in "loop-en-val" christelike lewe. Die wêreld sal altyd ons gedagtes infiltreer en vervuil.
  - **3 Joh 1:2-3** *Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan; want ek was baie bly as daar broeders kom en van jou waarheid getuig, soos jy in die waarheid wandel.*

Rom 6:17 Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde **was**, maar **van harte** gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is,
Rom 6:18 en, vrygemaak van die sonde, het julle **diensbaar geword** aan die geregtigheid.
Rom 6:19 Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.
Rom 6:20 Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid.

Rom 6:21 Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood.

Rom 6:22 Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.

Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, **maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.**

Rig jou gedagtes op JESUS – en onthou:- JESUS KOM WEER !!!

- **2 Tim 4:8** *Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.*
- Ons rig maklik ons gedagtes op dit wat nou aangaan in hierdie wêreld. Al die slegte nuus, die oorloë, immorele organisasies, siek films en boeke ens. Maar als, selfs die verval van die wêreld is in God se plan, Hy het nie beheer verloor nie, Hy het die laaste hoofstuk klaar geskryf !!
- Pasop – die wêreld sluk ons in – fokus op die oorwinnaar – Jesus Christus